

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: Venterstad

Sinode: NG Kerk in Oos-Kaapland

A. Die gesprekke self

- Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
.. Kerkraad
 Wyke
 Kleingroepe
 Lidmate: byeenkoms
.. Lidmate: individueel
.. Ander:
- Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
 Ja
.. Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband? Mening oor die voorstel?

Daar loop hardnekkige stories rond onder ons lidmate dat die Belydenis van Belhar die bestaande Belydenisse sal vervang.
Vir sommige van ons lidmate is die "Halfpad Ja", "Halfpad Nee" houding teenoor Belhar ondraaglik. Ons as Kerk moet of "Ja" of "Nee" sê vir Belhar, nie "Miskien" nie.
Van ons mense stel dit egter duidelik, dat hulle dit nooit sal aanvaar nie. Hulle opinie o.a. is dat dit uit 'n politieke stryd kom, en daarom tydgebonde was. Belhar het sy doel gedien, en sy tyd is nou verby. Dis nie meer van toepassing nie.
Verder is die standpunt dat ons nie nog meer belydenisse nodig het nie. Die mense weet dan nie eers wat staan in dit wat ons alreeds het nie!

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model? Mening oor die voorstel?

Baie goeie voorstel, sodat ons ten minste op streeksvlak kan kommunikeer. Dit kan versoening en perspektief bevorder.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

As die strukturele eenheid beperk word tot Sinodale Vlak vir eers, om te sien hoe dit gaan, en ons aan mekaar gewoond te maak, sal dit meer positief wees.
NIE RINGSVLAK

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte? Mening oor die voorstel?

As ons nie gou met sodanige gesamentlike projekte ook op plaaslike vlak nie, is die weg wyd oop vir onrusstokers en mense wat verdeeldheid saai.
Nie alles egter voor die voet nie – projekte moet van pas wees.

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:
Mening oor die voorstel?

Versoening gaan 'n taai tameltjie wees. Ons sal ernstig moet bid oor die saak.

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Herenigde Gereformeerde Kerke van Suid Afrika (Nasionale Naam)
Elke Gemeente / Ring hou sy huidige Naam: NG Gemeente Venterstad, VG Gemeente Luciumville bv.
Ons wil graag NG bly plaaslik
Ook kommentaar gehoor: Wat is in 'n naam?